



eduresourceza.com



ROEDEAN SCHOOL (SA)

INSPIRING A LIFE OF SIGNIFICANCE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
MATRIEK REKORDEKSAMEN
20 SEPTEMBER 2023

Vak : AFRIKAANS FAL VRAESTEL 2
Tyd : 2½ uur
Datum : 20 September 2023
Totale Punte : 100
Eksaminator : Mev. C. Keyter
Moderatore : Mev. Y. Terburgh & Mnr. J. Bredenkamp

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Instruksies:

- Skryf jou eksamennommer bo-aan jou antwoordstel.
- Lees die vrae deeglik deur voor jy dit beantwoord.
- Skryf duidelik en netjies.
- Beantwoord al die vrae.
- Die vraestel bestaan uit 10 bladsye en 6 vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe dubbelvel papier.

Afd. A: _____ /70 Afd. B: _____ /30 Totaal: _____ /100

Vrae:	1 (15)	2 (15)	3 (15)	4 (25)	5 (20)	6 (10)
Punt:						

OPMERKING: _____

AFDELING A: LETTERKUNDE
DONKER WEB DEUR FANIE VILJOEN



[Foto: barnesandnoble.com]

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAE

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord dan die vrae.

“Prometheus – al wat hy wou doen, was om lig na die mense te bring.” Xander gee ‘n siniese kopskud. “Om die lig te bring, gaan steel Prometheus vuur by die gode. Maar toe vang Zeus hom. Ketting hom vir ‘n ewigheid vas aan ‘n rots en stuur ‘n arend om sy lewer te gaan vreet. Elke dag verslind die arend Prometheus se lewer, die setel van die siel, soos die Grieke geglo het. Maar snags groei sy lewer terug, net sodat die arend dit die volgende dag weer kan verorber.”

“Hartseer storie. Maar wat het dit met óns te doen? Met jǒú?” vra ek koppig.

Bl. 259

- 1.1 Prometheus het berou oor die vuurstelery gehad.
- 1.1.1 Hoe is die **berou** op **Xander** van toepassing ten opsigte van **Greg se familie**? (1)
- 1.1.2 Hoe het Xander **geweet** wat met Greg se familie gebeur het, al was hy oorsee? (1)

- 1.2.1 **Waar** het Greg en Xander mekaar vir die eerste keer **ontmoet**, toe Xander nog 'n ander naam gehad het? (1)
- 1.2.2 **Wat** het Xander vir Greg leer doen wat **onwettig** was? (1)
- 1.2.3 **Hoekom** het Xander vir Greg in die onwettige bedreiwighede betrek? (1)
- 1.3.1 Watter **familielid** het Xander verloor? (1)
- 1.3.2 Wat het die familielid **gedoen** wat hom in die **moeilike** laat **beland** het? Gee TWEE feite. (2)
- 1.3.3 Hoe het **Xander uitgevind** wat met die familielid gebeur het? (1)
- 1.3.4 Selfs net **voor die familielid se dood** het hy aan Xander gedink. Verduidelik. (1)
- [10]**

“Ek het jou vertel van Prometheus. Ek wil dit weer sê, en ek hoop jy kan my hierdie keer glo. Ek is jammer oor wat ek aan jou gedoen het, Greg. Jy is nie jou pa nie. Jy het dit nie verdien nie.”

Ek knik. “Dis verby, Xander.”

“Vir my dalk, maar nie vir jou nie. Nou is ek nes hulle,” sê hy sag.

Bl.304

- 1.4 Xander sê dat Greg nie soos sy pa is nie. Gee **TWEE voorbeelde** om te bewys dat Greg anders as sy pa is. (2)
- 1.5.1 Hoekom is Xander **nes hulle**? Wat het hy gedoen? (1)
- 1.5.2 Hoe **voel hy** oor wat hy gedoen het? (1)
- 1.5.3 Wat doen Xander om die **gevoel te probeer wegvat** en te probeer “skoonkom”? (1)
- [5]**

VRAAG 2: PARAGRAAFVRAAG EN KORTVRAE

Chris Owen as vaderfiguur en sy rol in Greg se lewe.

- 2.1 Skryf 'n **paragraaf** van tussen **80 en 120 woorde** oor **Chris Owen** en sy **rol** in Greg se lewe. .
- Jou paragraaf moet die feite van die onderstaande punte insluit.
- Wat is die **naam** van Chris Owen se **besigheid**? (1)
 - Waavan is Chris Owen **aangekla**? **Noem TWEE** feite. (2)
 - Hoe was Chris betrokke by **die skandaal** van **Project Nursery Rhyme**? (2)
 - Hoekom is Chris nou ‘n **afwesige pa** in Greg se lewe? (1)
 - Watter **tipe pa** was Chris vir sy twee seuns? (1)
 - Hoe het Chris **seker gemaak** dat Greg nog **kon gaan studeer** al verdien Chris nie geld nie? (1)
 - John was Chris se **gunsteling seun**. **Beskryf John** deur ‘n karaktereienskap te gee. (1)
 - Tydens watter gebeurtenis vind Greg uit dat sy pa **liever vir John** as vir hom was. (2)

- Greg verander tog sy **gesindheid** teenoor sy pa toe iets vreesliks met sy pa gebeur het. Verduidelik. (1)
[12]
- 2.2 Met Chris Owen se afwesigheid, het Greg se ma **aangegaan met haar lewe**. Verduidelik hoe ons dit weet. (1)
- 2.3 Greg besoek sy pa waar hy aangehou word. Hy **vra sy pa se hulp**. Waarmee moet sy pa hom help? Gee **TWEE feite**. (2)
[3]

VRAAG 3: DIALOOG

‘n Joernalis praat met Dr. Trollip se vrou oor haar man en sy broer Sebastian Stadler.

Voltooi die volgende **gesprek** tussen die joernalis en Mev. Trollip. Die feite moet getrou aan die storie in **Donker Web** wees.

Skryf net die nommer van die vraag en jou antwoord neer. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

- 3.1 Joernalis: Hoekom het **jou tong gesleep** die aand toe ek jou gebel het om die afspraak vir die onderhoud te maak?
Mev. Trollip: ... (1)
- 3.2 Joernalis: Jy sê jou man, Dr. Trollip en Sebastian Stadler **is broers**. Hoekom verskil hulle vanne dan?
Mev. Trollip: ... (2)
- 3.3 Joernalis: Wat was **die plaas** se naam waarop hulle grootgeword het?
Mev. Trollip: ... (1)
- 3.4 Joernalis: Ek het gehoor **hulle pa was ‘n wrede man**. Kan jy verduidelik hoekom dit so was?
Mev. Trollip: ... (1)
- 3.5 Joernalis: Sebastian en Rian het in **dieselfde veld gespesialiseer**. Watter veld was dit?
Mev. Trollip: ... (1)
- 3.6 Joernalis: Hulle was albei by **Project Nursery Rhyme** betrokke. Hoekom het Rian die projek verlaat?
Mev. Trollip: ... (2)

3.7 Joernalis: **Rian** het in die tronk beland. Wat het hy **verkeerd** gedoen?

Mev. Trollip: ... (1)

3.8 Joernalis: Hoe het die **aanklag** teen Rian **jou** beïnvloed?

Mev. Trollip: ... (1)

3.9 Joernalis: Terwyl **Rian** in die tronk was, het hy skynbaar **selfdood** gepleeg. Weet jy hoe hy dit gedoen het?

Mev. Trollip: ... (1)

3.10 Joernalis: Mevrou, **dink jy dit is wat werklik gebeur** het?

Mev. Trollip: ... (2)

3.11 Joernalis: Mevrou, **wat was in die pakkie** wat u vir Greg Owen in Stellenbosch gestuur het?

Mev. Trollip: ... (1)

3.12 Joernalis: Mevrou, **hoekom** het jy dit gedoen? Wat sou dit hom baat om dit te hê?

Mev. Trollip: ... (1)

Joernalis: Baie dankie, Mevrou! Jou eerlikheid stel ek baie hoog op prys. Totsiens.

Mevrou: Totsiens. Moet my asseblief nie weer pla nie. Ek probeer daardie deel van my lewe vergeet.

[15]

VRAAG 4: OPSTEL

Donker Web is 'n spanningsverhaal vol aksie. Die gebeure neem ons na verkillende lande en kontinente. Xander en Greg is om verskillende redes pa-loos. In hulle soeke na die Baker, ry die leser se emosies wipplank en jy weet nie altyd wie die goeie en wie die slegte karakters is nie.

Greg Owen is oorlede. 'n Span duikers het sy liggaam gister uit die Canale Grade in Venesië gehaal.

Dis wat die koerante oor my berig.

Kan dit waar wees?

Bl.11

TEMA VAN DIE OPSTEL: Plank is uiteindelik Greg se grootste bondgenoot in sy soeke na die Baker.

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 360 woorde** oor dié tema, in die roman *Donker Web*.

- Gebruik die ideekaart hieronder.
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite van jou verwag word.
- Jou opstel moet 'n inleidings- en slotparagraaf hê.
- Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.


1. Greg en Plank se skooljare:

- In watter skool was hulle saam? (1)
- Hulle was ook saam in die koshuis. Noem die naam van die koshuis. (1)
- Watter sport het hulle saam gespeel? (1)
- Plank het op skool al 'n slegte gewoonte gehad. Wat was dit? (1)
- Greg word in sy matriekjaar uit die skool geskors. Plank gee nie om, om met Greg te assosieer nie. Verduidelik hoe ons dit weet? (1)



2. Greg en Plank in Stellenbosch:

- Hoekom kan ons sê dat Plank nog steeds 'n kloon van sy pa in Stellenbosch is? (1)
- Plank vertel vir Greg dat hy 'n meisie ontmoet het. Beskryf hoe **sy lyk**, wat sy **studeer** en hoe **hy oor haar voel**. (3)
- Wat doen Plank wat hom letterlik tot sy dood aan Greg verbind? (1)



3. Greg en Plank in Istanboel:

- Greg en Plank staan en uitkyk oor die Bosporus rivier. Hulle droom oor die toekoms. Noem **TWEE** dinge waaroor hulle droom wat mekaar insluit. (2)
- Hoe stel Plank al vier se lewens in gevaar in Istanboel? Gee **EEN** feit. (1)
- Greg en Plank besoek die Basilica Cistern en Hagia Sophia weer terwyl hulle wag vir die visums. Wat besef Greg toe oor hulle verhouding? (1)
- Xander sien Plank as 'n las. Wat forseer Xander vir Greg om te doen? (1)



4. Greg en Plank in Venesië:

- Waar dink oom Dirk is Plank? (1)
- Greg sien Plank weer in die Koninklike Tuine. Watter boodskap staan op die selfoon? (1)
- Plank sê dat hy die Baker gesien het. Wat wil Sebastian Stadler met Greg doen? (1)
- Hoe red Plank Greg se lewe na die vergiftiging deur die pet wat met gif deurdrenk is? (1)
- Plank se woorde: “Ons gaan altyd pelle wees, maak nie saak waar ons drome ons heen vat nie” is ironies. Verduidelik wat op die boot gebeur het. (1)

Inhoud: 20 Taal & Styl: 5 [25]

TOTAAL AFDELING A: 70

AFDELING B: TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

- Beantwoord **ALBEI vrae** in hierdie afdeling.
- Begin elke vraag op 'n **nuwe bladsy**. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy.
- Skryf die **getal woorde** aan die einde van elke skryfstuk neer.
- Tydens assessering van hierdie afdeling sal daar na die volgende gekyk word:
 - Kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk
 - Interpretasie van die opdrag
 - Inhoud en idees
 - Register en toon
 - Taalgebruik
- **Beplanning** van die skryfstukke
Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk nie.
 - Skryf die opskrif BEPLANNING bo-aan neer.
 - Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

VRAAG 5:	E-POS
-----------------	--------------



[Foto's: Victor Levi @Dreamstime.com]

Situasie: Jy is 'n **vrywillige werker** by die Dierebeskermingsvereniging (DBV). Jy het gehoor dat die honde nie warm komberse vir die winter het nie. Daar is glo nie geld vir luukshede nie. Jy voel dat jy en jou vriende die honde se lewens kan verbeter deur geld vir komberse in te samel.

Opdrag: Skryf nou 'n **e-pos aan jou maats waarin jy jou idees verduidelik en hulle hulp vra om geld bymekaar te maak**.

In jou e-pos moet jy die volgende bespreek:

- Jou e-pos moet 'n **inleidings-en slotparagraaf** hê.
- Verdeel die paragrawe volgens die bostaande punte.
- Die inhoud moet **150-220 woorde** lank wees.
- **Skryf die getal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die volgende formaat vir jou e-pos gebruik:

- Jy moet die volgende formaat vir jou e-pos gebruik:

Aan:

Onderwerp:	<i>Hulp aan Dierebeschermingsvereniging (DBV).</i>
-------------------	--

Liewe Vriende

Groete

(Jou naam)

[20]

EN

VRAAG 6: UITNODIGING



[Pinterest.com]

Downloaded from eduresourceza.com

Opdrag: Maak nou 'n partytjie-uitnodiging.

In jou uitnodiging moet jy aan die volgende aspekte dink:

- Die datum, plek en tyd
- Wat julle gaan doen – die formaat van die geleentheid.
- Die kleredrag
- Die tema
- Die toegangsgeld/ 'n kombars as toegangsgeld

Instruksies:

- Die inhoud van jou uitnodiging moet **60-100 woorde** lank wees.
- Behandel al die bostaande aspekte.
- **Skryf die getal woorde onderaan jou uitnodiging neer.**

[10]

TOTAAL AFDELING B: 30

TOTAAL VAN DIE VRAESTEL: 100